# Die Kruin-o-gram

09 Mei 2021 - Uitgawe 03

## Die verlore vrou | Johannes 4:1-26




Van al vier die evangelies is Johannes seker die een evangelie wat die meeste op teologie en simboliek fokus. Dit is waarlik die eerste boek in die Nuwe Testament wat die gebeure van Jesus Christus se lewe in hul eie gemeenskap kontekstualiseer. Om meer agtergrond inligting te bekom van die Johannes evangelie, lees gerus die Kruin-o-gram van die 17de Januarie 2021 (Januarie – Uitgawe 03).

Johannes 4 in die breë konteks van Johannes is presies die teenoorgestelde van Johannes 3. Waar Jesus in Johannes 3 in gesprek is met ‘n manlike Jood, in die aand, is Jesus nou in gesprek met ‘n Samaritaanse vrou, in die hitte van die dag. Jesus openbaar homself ook meer, as die Messias, aan die vrou, waar Jesus dit met  Nikodemus nie doen nie. Op hierdie manier behou die skrywer die interessantheid van die narratief en verloor nie die leser se fokus nie.

Die gesprek met die Samaritaanse vrou is vreemd vir ‘n paar redes. Dit is vreemd vir Jesus om deur Samaria na Galilea te gaan, terwyl die mees algemene roete deur Perea is. Nog vreemder is die feit dat Jesus in gesprek gaan met `n vrou, want in die tyd van Jesus het mans nie eers met hul eie dogters in die openbaar gepraat nie, as gevolg van ‘n vrees wat ontstaan het dat iemand immorele afleidings sou kon maak. Dit is egter duidelik dat Jesus wel ‘n afspraak met hierdie vrou het. Die doel van hierdie afspraak is om juis vir die Jode en die Samaritane te wys dat Jesus vir hul almal gekom het. Jesus is die Messias en moet as die Messias erken word.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
    a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
    b. Hoe was die skoolvakansie?

2. Na God
    a. Lees Johannes 4:1-26
    b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
    c. Wat sê hierdie gedeelte oor God?
    d. Wat wil Jesus bereik met sy gesprek, met hierdie vrou?
    e. Wat van Jesus se identiteit word in hierdie gedeelte aan ons openbaar?

3. Na mense
    a. Hoe beïnvloed hierdie openbaring van Jesus se identiteit jou vandag?



# Deur die Rietsee

## Eksodus 14 en 16

Toe Moses die Israeliete uit Egipte gelei het, het God in 'n wolk voor hulle gegaan. In die nag het God 'n bol vuur in die lug gestuur om vir hulle lig te maak.

God het die Israeliete tot by die Rietsee gelei. Farao en sy soldate was net agter hulle. Die Israeliete het nie geweet wat om te doen nie.

Hulle het geskree: "Ons is vasgevang! Wat het jy aan ons gedoen, Moses?" Moses sê toe: "Moenie bang wees nie. God sal ons beskerm." God se wolk het tussen die Israeliete en Farao se soldate inbeweeg. Hulle kon niks sien nie!

God sê toe vir Moses: "Lig jou kierie op oor die see." Die Here het die see laat terugtrek om 'n pad te maak. Moses en die Israeliete het op die pad deur die see geloop na die ander kant toe. Maar Farao se soldate het hulle agternagesit.

Moses het weer sy kierie opgelig, en die water het teruggestroom oor Farao en sy soldate. Moses en al die Israeliete het 'n lied vir God gesing. Hulle was vry! Hulle was nie meer slawe nie!



(Uit: Bybelstories vir beginners)

## Verjaarsdae

| Verjaarsdae |
| --- |
| **Sondag 09 Mei** |
| Michelle Olivier |
| |
| **Maandag 10 Mei** |
| Jaco Botha |
| Alana Jacobs |
| |
| **Dinsdag 11 Mei** |
| Van Wyk Fischer |
| Joe van Vuuren |
| |
| **Woensdag 12 Mei** |
| Kristy Opperman |
| Francois Wolfaardt |
| |
| **Donderdag 13 Mei** |
| Nadine Delport |
| |
| **Vrydag 14 Mei** |
| Genneve Jacobs |
| Melissa Meintjies |
| Danay Olivier |
| Yolande van Schalkwyk |
| |
| **Saterdag 15 Mei** |
| Nardus Dodds |
| Marietjie Nel |
| Jaco Potgieter |
| Chante Swart |
| Wilma Wessels |
| |
| **Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!** |

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen
Rita Pieters - Yvonne Lombard - Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren
Miné van der Merwe (10 jaar oud)
Allison Lobo Das Neves

**GESONDHEID**
Hilie Green - Mimi Fourie
Heleen Morton (Benodig 'n nier vir 'n niervervanging).
Klein Janro de Jager – Ben van Jaarsveld (Anine se pa)
Alex Smit - Logan Campher – Anelda Du Toit – Jayden Du Toit
Charmaine Whittaker

**OPERASIES**
Fred Cornelius

**AFSTERWE**
Jimmy Suzette Moodie se seun, Quintin
Marietjie Nel se broer

**SWANGERSKAPPE**
Runé en Eckard Erasmus
Tia en Japie de Jager
Bianca en Paul Steyn
Herman en Rozanne Steyn

**ONS BID OOK VIR**
Indië wat gebuk gaan onder Covid-19

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™